

Inhoud Hierdie preek wys dat God ons deur Jesus Christus in sy liefde insluit en daardeur in ons menslike liefde, geloof en hoop skep. God gee ons nie slimigheid oor Hom en mense nie. Slimigheid is hoe mense hul sondigheid en sonde wil lief hê as dit wat God in hulle skep. 1 Korintiërs 13 wys hoe liefde in gelowiges van hierdie slimigheid verskil om jou sondes as jou liefdes te glo en uit te leef. Daarmee wys Paulus dat die hele verskuiwing vandag in die Christelike Kerke van geloof na sogenaamde spiritualiteit is niks anders as die verskuiwing van gelowige liefde na die slimigheid om sonde as jou liefde uit te leef nie.

Skriflesing 1 Kor. 1: 18 – 25, 30. Rom. 1: 18 – 24; 1 Kor. 13.

Teks 1 Kor. 13: 13: “En nou bly geloof, hoop en liefde, hierdie drie – maar die grootste hiervan is die liefde.”

Tema Christus gee ons die gawe van liefde, nie slimigheid nie

1. Paulus wys in 1 Kor. 13 hoe Christelike liefde anders is as beide die kragdadige liefde van Jode en die slim liefde van die Grieke. Paulus het in elke gemeenskap waarin hy sendingwerk gedoen het, die evangelie van Christus vir Jode sowel as Grieke verkondig. In 1 Kor. 1 en 2 wys hy hoe geloof in Christus anders is as die kragdadigheid van Jode en die slimigheid. Met voorbeelde hanteer hy hulle misplaaste liefdes van hoofstuk 3 tot 12 totdat hy dan in 1 Korintiërs 13 die verskil van die liefde van gelowiges teenoor dit wat Jode en Grieke as liefde geglo en uitgeleef het uitwys.

Verlede week het ons gesien dat Paulus wys dat gelowiges se liefde is nie kragdadigheid nie. Dit is nie 'n liefde wat mense en die wêreld in hul gebrokenheid wil verander nie, maar net lief het. Vandag gaan ons kyk hoe verskil gelowiges se liefde van die slim liefde van die Grieke.

Die Jode het altyd in die gemeenskap die onderskeid gemaak – “Jode en heidene.” Dit is hulle wie hul self vir God reg maak en hulle wie vir God verkeerd is. Wat hierdie twee groepe van mekaar onderskei het, was die wet van God, die Tien Gebooie. Die Grieke het altyd in 'n gemeenskap 'n ander soort onderskeid gemaak – “Grieke en barbare”. Die verskil tussen Griek en barbaar was vir Grieke die verskil tussen slim en dom.

Wat die verskil tussen slim en dom gemaak het, was vir die Grieke dit wat hulle genoem het “kennis.” Dit stel Paulus met sy verklaring in 1: 22: “Die Grieke soek wysheid.” Wat hulle toe “kennis” genoem het, noem ons vandag jou “lewens-, wêreld- en godsbeskouing” of dan “jou siening” of “jou opvatting” van God, mense en die wêreld. Hulle het hulle self gesien as die mense wie 'n slim siening van God, mense en die wêreld gehad het, terwyl ander mense barbare was met 'n agterlike en

Christus gee die gawe ons liefde, nie slimmigheid nie

dom siening van God, mense en die wêreld. Ons noem dit vandag ook die verskil in kultuur.

2. Die liefde van Grieke was volgens hulle self dan slim liefde teenoor die dom liefde van die barbare, die nie-Grieke.

Dit is waarna Paulus verwys wanneer hy die gemeente daaraan herinner dat daar menslik gesproke nie baie “wyses” onder hulle was toe hulle tot geloof gekom het in Jesus Christus nie. (1: 26) Gelowiges is deur die Jode in dorpe geminag as “die spul mense wat vervloek is omdat hulle nie God se wet ken nie (Joh. 7:49) Gelowiges is ook deur die slim Grieke geminag as mense wat besig is met die onbelangrike en veragtelike dinge van dom mense. (1 Kor. 1: 28) Daarom was die liefde van Christene vir hulle die liefdes van die veragtelike en onbelangrike dinge van dom mense. Hulle was nie met die slim liefdes van die slim Grieke besig nie!

Ons mag nooit die Grieke se minagting vir Christene sien as ’n minagting van ’n laer sosiale klas van mens nie. Slim Grieke was uit alle sosiale klasse van die gemeenskap. Hierdie verskil gaan oor iets soos die kultuurverskil vandag tussen die Eerste en Derde wêreld. Dit verskil gaan oor ’n wêreld- en lewensbeskouing waarvolgens mense dan slim of dom sou wees volgens een groep, nie volgens hulle sosiale status in die gemeenskap nie.

Vir die Griekse slimmigheid was Jesus wie gekruisig is dommigheid. Paulus wys dat die Griek met hul slimmigheid die gekruisigde Jesus as ’n struikelblok en God se dwaasheid gesien het. Dit was vir hulle aanstootlik om God só te sien (1 Kor. 23, 25) Dit was presies net hoekom hulle die verkondiging van Christus met Paulus se prediking in Athene op die Areopagus verwerp het: “Toe hulle van die opstanding van die dooies hoor, het sommige hom uitgelag” (Hand 17: 32) Uitgelag omdat dit volgens hulle slimmigheid dom en aanstootlik is om só ’n beskouing oor God te kan hê. Daarom het hulle mense wie in Jesus se kruisiging en opstanding geglo het ook as dom en agterlik uitgelag, as barbare wat nie slim Grieke is nie.

3. Is Jesus wie gekruisig is en uit die dood uit opgestaan het, geestelike agterlikheid, dommigheid, of God se wysheid en krag?

Dit is die botsing wat plaasvind tussen die verkondiging van Jesus Christus en die slimmigheid van die Grieke. Jesus Christus is die wysheid en krag van God om sondaars vir sy liefde regverdig en heilig te maak, bevry van hulle sonde.(1 Kor. 1:30) Deur Jesus Christus doen God wat nie met Griekse slimmigheid reggekry kan word nie. Griekse slimmigheid kan nie sondaars vir God se liefde reg en heilig maak, bevry van hulle sonde nie. Paulus stel dit só: “Het God dan nie die wysheid van hierdie wêreld dwaasheid laat word nie? ... God het verkies om hulle wat glo te verlos deur die dwaasheid van die verkondiging.”(1 Kor. 1: 20, 21) Christus se

Christus gee die gawe ons liefde, nie slimmigheid nie

verlossing in nie ons opvatting oor God nie, dit is 'n magsdaad van die lewende God met ons.

God verlos ons en maak ons reg en heilig deur Christus en ons vertrou in Christus. Want ons vertrou in Christus is ons vertrou in die liefde van God vir sonde. Sy liefde is 'n magsdaad van uitverkiesing. Dit is nie menslike menings en opvattinge oor God en die wêreld nie. (1 Kor. 1: 27)

Die Woord van God noem die Griekse slimmigheid oor God en mense, volgens Paulus se twee aanhalings uit die OT - dwaasheid. Hoe hulle slimmigheid dwaasheid is beskryf Paulus volledig in Rom. 1: 18 – 32 met die sin: "Alhoewel hulle beweer dat hulle wys is, het hulle dwaas geword." (1:22) Hulle gewaande slimmigheid is niks anders as godsdienstige slinksheid nie. Dwaasheid in die Bybel is altyd die godsdienstige slinksheid van sonde as liefde te glo en uit te leef.

Hoekom?

Want hulle slimmigheid oor God, is kennis oor God wat hulle nooit God as God laat eer en dank nie, maar kennis waarmee eie wil wees met God. (Rom. 1) Slim slinksheid oor God en mense!

4. Ons ervaar hierdie slinksheid baie keer met ons arbeiders of kinders – die slinksheid om eie te wil wees!

Arbeiders hier by ons maak altyd só! Hulle verklaar altyd: "Jy is my pa!" Wat maak hulle met hierdie oënskynlike eerbetoning? Hulle maak jou hulle pa terwyl jy nie hulle pa is nie, maar hulle werkgewer! Met hierdie oënskynlike eerbetoning ontnem hulle jou al die eer as werkgewer en maak hulle aanspraak om eie te wees met jou en jou goed! Omdat jy nou kamstig hulle pa is, glo hulle hulle ken jou nou as pa en kan hulle alles met jou en jou goed doen wat jou kinders met jou en jou goed doen. Om jou pa te maak is hulle manier om só eie te wees met jou dat hulle nou jou goed soos kinders kan vat en gebruik Om jou en jou goed hulle eie te maak, is hulle slinksheid om hulle steel van jou goed te glo as jou sorg as pa vir hulle. Hulle is eie met jou om om hul sondes hul liefdes vir jou te maak. Slinksheid maak sondes liefdes!

Kinders doen dit ook! Eendag is jy as pa, ma onderwyser, dominee, oom en tannie sommer net Jan of Marie. Met hierdie nuwe aanspreekvorm het hulle hul kennis van jou verander! Hulle glo hulle ken jou nou meer innig, meer persoonlik, meer intiem en vertroulik as om jou te eer en dank as ouer, leraar of volwassene. Wat is hierdie "beter ken"? Dit is niks anders nie as die slimmigheid om sommer net eie met jou te wees. Met hierdie eie-wees maak hulle dat hulle jou nou kan gebruik net waarvoor hulle wil en soos hulle wil, sonder eer of dank vir wie jy is.

Christus gee die gawe ons liefde, nie slimmigheid nie

Dit is Griekse slinkse godsdienstigheid slimmigheid met God, mense en die wêreld! Hulle is so eie met alles en almal dat hulle alles en almal kan gebruik as hul eie, hul eie krag, hul eie besitting, hul eie mag, hul eie lewe, hul eie persoon en Naam. Hulle is so eie met God dat hul sondes nou hul liefdes is.

Wat is slinkse sonde en wat is regte liefde? Watter liefde van arbeiders vir hul werkgewers is werklike liefde? Die liefde waarin hulle jou eer en dank as werkgewer of die liefde waarin hulle jou hul eie maak? Watter liefde van kinders is werklike liefde vir ouers en gesagsdraers? Die liefde wat jou eer en dank as ouer of die liefde waarin hulle só eie met jou is dat jy en wat jy het, hulle kan gebruik net waarvoor hulle wil?

5. Wat is hierdie slimmigheid om eie met God en mense te wil wees?

Dit is sonde wat as liefde geglo en uitgeleef word. Paulus wys dat dit niks anders is as afgodsdienste nie. Dit is om God te ken deur sy krag en mag in die skepping, maar nie as God só te eer nie, maar van Hom 'n beeld te maak waardeur jy sy krag, mag en heerlikheid as jou eie ervaar! (Rom. 1: 21 -23)

Slim kennis! Só slim dat jy God as God onteer om met 'n gewaande meer intieme, meer innige, meer intellektuele, meer geestelike kennis van God, eie te wees met God! Slim kennis! Kennis van God wat God niks anders laat wees as wie jy in jou sonde Hom wil laat wees en alles wie hy is gebruik om jou sondige begeertes as liefde vir God en mense te ervaar en uit te leef nie. (Rom. 1: 24)

Dit is die kennis van kinders! Om eie te wees om hul sin te kry met jou! Daarom noem Paulus hierdie Griekse kennis van God en mense – die kennis van suigeling in 1 Kor. 3: 2.

Ons moet die tydverskil tussen wanneer hierdie Grieke wat gelowig geword het en wanneer Paulus hierdie brief vir hulle geskryf het in ag neem! Hulle het as Grieke en nie- Grieke tussen Julie 50 n.C. en Maart 52 n.C. tot geloof gekom. Paulus skryf hierdie brief vir hulle uit Efese in Mei 55, uiters 3 tot 5 jaar na hulle tot geloof gekom het. Hulle en hul families het vir eeue geleef met die opvatting dat die Griekse slimmigheid met God is die ware kennis van God – dat hulle sondes hul liefdes is. Dit is soos die Vendas met hul voorvader verering. Só! Wat gebeur? Na hulle tot geloof gekom het, glo hulle nog steeds die Griekse slimmigheid met God is beter kennis van God as die kennis van die liefde van God in en deur die gekruisigde Christus.

Met hierdie Griekse slinkheid het party lidmate gevoel hulle is geestelik slimmer as die apostels wat Jode en nie-Grieke is (1 Kor. 4), het hulle nog steeds hul perversie seksuele begeertes as slim liefde gesien en beleef sodat 'n seun in die gemeente maklik sy stiefma sy vrou kon maak (1 Kor. 5: 1 -12), het hulle vir onderlinge geskille

Christus gee die gawe ons liefde, nie slimigheid nie

nog steeds die slimigheid van Griekse howe opgesoek en nie Christelike liefde gesoek nie (1 Kor. 6: 1- 11), kon hulle maak asof hul sondige begeertes net liggaamlike drifte is wat nie hulle innigheid met God raak nie, (6: 12 – 20) het hulle aanhou om beide id nagmaal en afgodsdienste by te woon (hoofstuk 8 en 10) en wou hulle nog steeds met slimigheid oor alles alles, doen wat hulle wil en nie doen wat liefde vra nie. (1 Kor. 10: 13 – 33)

6. Daarom is Korintiërs 13 Paulus se beskrywing van hoe Christelike liefde van hierdie Griekse slinksheid en slinkse liefdes verskil.

Paulus het in hoofstuk 3 gewys dat Griekse slimigheid is hoe kinders hul sin probeer kry met eiesinnigheid, om eie te wees met God en mense. Daarom kom hy nou en stel dat om eie met God te wees om jou sin met God en mense te kry, is hoe 'n mens praat en dink soos 'n kind! 'n Kind wat besluit hy noem nou die grootmense op hul name as 'n meer en intiemer kennis met hulle! Hierdie eiesinnig wees deur eie met God en mense te wees, is niks anders as om soos 'n kind te redeneer nie. Dit ontbloom Paulus teenoor die prediking van Christus in hoofstuk 1 só: “Waar is die wyse man, die skrifkenner, waar die redevoerder van hierdie wêreld?” – want God maak hierdie soort wysheid tot niet en vernietig hierdie soort insig oor God deur die prediking oor Christus (1 Kor. 1: 18 – 20)

Om met slimighede oor God redeneer om met Hom eie te wees en om jou eie wil te kry, is kinderredenasies, kinderpraatjies!

Die meer duidelike, meer helder en slimmer kennis van God en mense in Griekse slimigheid, werk met 'n geheimenisvolle beeld van God soos in 'n dowwe spieël! Die stad Korinte was bekend vir die goeie spieëls wat hulle gemaak het, maar dit was nie soos ons spieëls vandag ken nie. Dit was net blink gepoleerde metaal of gewone glas soos ons glasvensters. Daarmee ontbloom Paulus dat wat hulle as duideliker, helderder, slimmer kennis van God sien en ervaar, is eintlik net 'n dowwe beeld van God. In hulle slimigheid kan jy in hul opvatting van God en mense nog net 'n dowwe beeld van wie God as Skepper is sien, soos hulle Hom met hul godsbeelde verduister.

Meer nog, God is nie bedoel om duideliker as Skepper geken te word in sy goddelikheid, sy almag, sy alomteenwoordigheid, sy alwysheid, onveranderlikheid, onbegryplikheid en onsienlikheid met slimmer kennis nie. Paulus verwerp hierdie soort beter kennis van God as iets wat nie vir hierdie wêreld bestem is nie. Ons as gelowiges sal God altyd só net gedeeltelik in hierdie wêreld ken.

Daarom stel Paulus oor ons kennis van God as Skepper hierdie besondere sin: “maar eendag sal ek ten volle ken soos ek ten volle geken is.” God ken my ten volle nie deur sy alwysheid, almag en alomteenwoordigheid nie. Hy ken my ten volle in sy liefde waarin Hy my vir Hom as mens reg, heilig en bevry van al my sonde laat wees.

Christus gee die gawe ons liefde, nie slimmigheid nie

Ons is nie bedoel om God as Skepper in sy goddelikheid al meer en beter te verstaan en te begryp nie. Om is verlos om sy liefde vir ons te ken in en deur Jesus Christus!

7. Dit is hoe Griekse slinksheid en hul slinkse liefdes verskil van die liefde van gelowiges!

In en deur Christus se kruisiging in ons plek, ken ons God se liefde vir ons, verstaan ons nie sy goddelikheid beter nie! Sy liefde gee ons ook nie die slimmigheid om eie te wees met God en mense om ons eiesinnigheid te kan uitleef nie. Sy liefde laat ons Hom lief hê vir wie Hy as God vir ons is, is en mense vir wie Hy hulle voor gemaak het.

Daarom leef ons nie met die drif om God ten volle in sy goddelikheid te ken om Hom ons eie te maak nie, maar kan ons in sy liefde leef terwyl onself nog oor wie God in sy goddelikheid is, leef met 'n raaiselagtige beeld soos in 'n dowwe spieël!

Ons wil ook nie die geheimenisse van God en mense en al die kennis oor God en mense hê nie. Dit is Griekse slimmigheid: om te maak asof jy die diepste geheimenisse van God en mense met jou slimmigheid ken, en alle kennis oor God en mense in pag het wat jou meer wys en slim maak, as mense wat oor God dom is.

Paulus noem daarom hierdie slimmigheid oor God en mense, kennis sonder liefde. Hierdie is nie maar somer net die regte kennis van God en mense sonder liefde nie. Hierdie is kinderkennis! Kinderagtige kennis! Die misplaaste opvatting dat jou met God en mense eie kan wees in die diepte en volheid van wie hulle as God en mense is, sodat jy dit alles as jou eie kan ervaar en gebruik vir wat jy wil.

Dit is liefdelose kennis want dit is nie die kennis van die liefde van God wat in jou 'n liefde skep wat God eer en dank vir sy liefde nie. Daarom is preke met hierdie kindragtige beter beredenerings oor God en mense, soos 'n geraas, somer net die galming van 'n ghong en weergalming van 'n simbaal waar daar die musiek van liefde moes wees.

Dit is nie duideliker, beter, meer insigvolle kennis van God nie. Dit is niks en wie dit glo en uitleef, is nie slimmer Christene nie. Hulle is niks nie! Niks vir God en niks vir mense!

8. Griekse slinkse liefde is altyd die opgee van jou eie liggaam! Paulus wys dit uit in die sin: "Al ... gee ek my liggaam oor (of prys) sodat ek daarop kan roem, baat dit my niks."

Christus gee die gawe ons liefde, nie slimmigheid nie

Hulle slinksheid oor die mens se liggaamlikheid het gemaak dat hulle altyd die mens se liggaamlikheid gedegradeer het as sommer net iets uiterlik en onbelangrik vir jou slim gees binne in jou. Jou liggaam is sommer net iets wat jy kan gebruik vir jou slimmigheid binne in jou slim gees.

Dit is hoekom Paulus hierdie minagting van ons liggaamlike menslikheid moet aanspreek in 1 Kor. 6: 12 – 20 en wys dat ons ons liggame aan Jesus Christus behoort omdat Hy ons met ons liggame uit die sonde losgekoop het. Dit moet hy stel teenoor die Griekse slimmigheid wat gemaak het asof wat jy met jou liggaam seksueel doen, niks te doen het met jou slim geestelike verhouding met God nie. Jou liggaam is sommer net iets onbelangrik wat jy in jou slimmigheid kan gebruik net soos jy wil.

Daarom was een van die diepste dwaling met hierdie Griekse slimmigheid dat Christus jou nie liggaamlik uit die dood gaan laat opstaan soos Hy liggaamlik uit die dood uit opgestaan het nie. Jou gees staan op uit jou liggaam om 'n slim gees deel van God se goddelike gees te wees, maar jou liggaam vrot onbelangrik vir God. Paulus stel teenoor hierdie minagting van die opgee van jou liggaam dat die Here jou nie 'n slim gees saam met sy Gees gaan maak nie. Hy gaan jou weer liggaamlik mens laat wees soos Hy nou as mens is! (Hoofstuk 15)

Daarom kan jy nie jou liggaam in slimmigheid opgee asof dit niks met jou liefde vir God en mense te doen het nie.

9. Teenoor hierdie liggaamlose slimmigheid van “geestelike mense” moet u die ware aard van die liefde wat God in ons as mense skep, hoor in 1 Kor. 13: 4 – 7.

Christelike liefde is liefde vir mense wie liggaamlik vir God en mekaar mens is! Nie vir God en mense slim geeste is nie! Nie jou liggaam net sien as iets waarmee jy jou eie-wees met God en mense kan uitleef soos jy wil nie. Nie minag as iets waarmee jy jou sonde as liefde vir God kan uitleef, omdat dit net nie iets belangriks is vir hoe jy vir God en mense lief is nie.

Daarom stel Paulus binne hierdie kontras van Griekse slinksheid en gelowige liefde, dat liefde geduldig bly en omgee vir mekaar as mense, liggaamlike mense!

Dit is liefde wat geduldig bly met die onbeholpe liggaam van 'n baba, met die liggaamlike ontwikkeling van 'n kind, met die onstuimige liggaamlike verandering van tieners, met die beperktheid van 'n man en vrou se liggaam, met die agteruitgang en broosheid van 'n bejaarde se liggaam, en liefde wat altyd liggaamlik omgee en sorg.

Hierdie Christelike liefde staan direk teenoor dit wat ons nog altyd by die Pinkstersektes uitgewys het as “” geestelike hoogmoedigheid.” Paulus wys dat gelowige liefde nie geestelike hoogmoedigheid kan wees nie. Dit kan nie jaloers op

Christus gee die gawe ons liefde, nie slimmigheid nie

geestelike slimmigheid wees of met geestelike slimmigheid spog of verwaand wees nie.

Want die Here het ons as mense, na liggaam, siel en gees volkome reg en heilig gemaak, volkome vry van ons sondigheid, nie van ons liggaamlikheid nie. Ons deel met Christus ewe veel regverdigheid en heiligheid op dieselfde wyse omdat Hy ons by Hom insluit. In hierdie liefde kan daar nie jaloersheid wees op beter kennis of slimmer geestelikheid nie. Nog minder kan jy teenoor mekaar spog asof dit wie jy is jou eie geestelike slimmigheid is: jou regverdigmaking en heiligmaking deur Christus.

10. Daarom kan Christelike liefde kan nooit liefde vir mekaar se sondigheid en sondes wees, soos dit is Griekse slinksheid is nie!

Dit is wat slim liefde altyd is en wil wees: liefde vir mekaar se sondigheid en vir mekaar se sondes! Daarom stel Paulus aan die einde van sy beskrywing van mense se slimmigheid met God en mense: “Tog doen hulle dit net nie, maar praat dit boonop goed wanneer ander dit doen.” (Rom. 1: 32)

Dit is hoe in Korinte daardie seun sy stiefma liefgehad het – hulle sonde is hulle liefde vir mekaar! Dit is hoe hulle hul seksuele losbandigheid as geestelike liefdes kon beoefen. (1 Kor. 6: 12 – 20) Dit is hoe hulle sommer hulle man of vrou se ongelowigheid as red wou voorhou vir egskeiding (1 Kor. 7: 10 – 16) Dit is hoe hulle met die geloofsbelydenis wou leef: “Alles is my geoorloof.” (10:23)

Liefde maak dat ek nie geoorloof is om onbehoorlik op te tree, net my eie belang te dien nie, nie kan bly wees oor die onreg van sonde of die leuen dat my sonde my liefde is nie. Liefde maak dat sonde as sonde geken, erken en herken kan word anders as liefde!

Christelike liefde kan ook nooit woede teen ons eie liggaamlike menslikheid wees nie. Dit bedek al ons menslike tekortkominge en ontbloot dit nie as ons dom agterlike ongeestelikheid nie. Dit glo en hoop alles vir ons as mense en gee nie ons menslike liggaamlikheid op as iets wat vir 'n graf sonder hoop en toekoms bestem is nie. Dit verduur ook alles waartoe ons menslike liggaamlikheid ons verbind – liggaamlike lyding en swaarkry.

Griekse slimmigheid is altyd op een of ander manier 'n woede teen ons menslikheid. Dit kan wees deur ons sondigheid ons ware menslikheid te maak, in plaas van ons liggaamlikheid. Dit kan ook wees deur ons menslike tekortkominge, sterflikheid en lyding te haat en dit te probeer ontvlug met 'n dieper duideliker geestelike kennis van God en mense.

Christus gee die gawe ons liefde, nie slimigheid nie

11. Waartoe verbind God ons met sy liefde vir sondears? Slinkse kennis van God se goddelikheid en mense se ware aard? Slinkse kennis van hoe ons eie met God en mense kan wees om te kry wat ons wil?

Nee! God se liefde skep in ons iets anders as inniger, dieper, beter en duideliker kennis van God. Dit skep geloof, hoop en liefde in mens wat liggaamlik mens is vir God!

Met hierdie drie woorde som Paulus van sy eerste briewe 1 en 2 Tessalonisense die kragtige werking van God se liefde in sondears op: God skep in hulle geloof, liefde en hoop! Nie goddelike, geestelike kennis nie! Geloof in sy liefde, liefde uit sy liefde en die hoop dat deur ons opstanding ons liefde vir God ewig is. Dit is nie soos kennis wat vergaan, vergaan omdat god dit as slinksheid tot niet maak nie.

Wat Paulus die slimigheid van Grieke noem is vandag in ons kerke die slimmer liefde wat mense soek in die plek van gelowige liefde. Hierdie slimmer Christene noem nou al die ander met minagting “fundamentaliste.” Vir hierdie slimmer Christene het die kruisiging van Christus aanstootlik geword want hulle kan nie in ’n God glo wat sy Geliefde Seun so onregverdig laat ly nie. Vir hierdie slimmer Christene is die opstanding van die Here uit die dood en ons liggaamlike opstanding geestelike dommigheid teenoor die werklike God-, mens- en wêreldopvatting wat hulle met hul wetenskap het.

Maar dit is maar net slinksheid, nie kennis of wysheid nie! Want met hulle slinksheid wil hulle so eie met God en mense wees, dat hulle met die volgende belydenis kan leef: “Alles is my geoorloof.” My gees is een met God se Gees, en ek doen alles wat ek wil met sy krag, mag, lewe en Naam! Met hierdie geestelikheid is seksuele losbandigheid ook nou hul slimmer liefde as gelowige liefde.

Dit is die nuwe spirituele kerk wat nie meer net die gelowige kerk wil wees nie. Dit is die gemeenskap van spiritueles waar elkeen sy eie spiritualiteit volgens sy eie geestelike leier het: Ek is vir Paulus, ek is vir Apollos, ek is vir Petrus en ek is vir Jesus, maar ons is almal saam spiritueel! Slim Christene!

Maak vandag hierdie ontdekking – slimigheid kan nie liefde wees nie! Dit kan nie die liefde wees van die dwaasheid van die Here se kruis wat ons as sondears regverdige en heilige mense maak en nie slim geeste nie. Dit kan nie die menslike liefde wees wat ons vir mekaar as mense in ons liggaamlikheid het nie. Dit is niks anders as die spirituele kennis hoe om sonde as liefde uit te leef nie. Dit is ’n geestelike kennis wat ons niks maak nie. Ons glo in die dwaasheid van God se liefde in die kruis en opstanding van Jesus en het mekaar lief in die wysheid dat ons mens en nie slim geeste is nie. Kom ons verwerp die nuwe onderskeid van die spirituele leiers in die kerk: slim en dom Christene! Wetenskaplike en fundamentalistiese Christene! Kom ons gaan leef almal met mekaar in geloof, liefde en hoop.